Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

27 Januarie 2017
Nr 3/2017

Sinodale nuus

Konferensie oor die Huwelik: Uitnodiging aan leraars en kerkrade

Wat is 'n Bybelse verstaan van die huwelik. (Net) een man en een vrou? Wat van die Ou Testament se vele vroue en een man – of is dit slegs die Nuwe Testamentiese (Romeinse) manier van net een vrou per man wat Bybels is. Mag geskeidenis weer trou of geld die eerste huwelik vir ewig. Is enkel of saamgestelde gesinne 'n gesin en wat daarvan as daar geen kinders is nie? Is seksualiteit of intimiteit net deel van die huwelik en is 'n huwelik sonder seks 'n huwelik?

Is die bevestiging van 'n huwelik 'n kulturele, kerklike of staatsregtelike aktiwiteit?

Die jongste besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk oor Selfdegeslag verhoudinge beklemtoon juis die noodsaaklikheid dat daar opnuut deeglik besin moet word oor die wese van die huwelik.

Sprekers wat sal optree sluit onder andere in drr. Fanie Cronje, James Kirkpatrick, Johan van den Heever, Dewyk Ungerer en proff Johan van der Merwe en Daniel Louw
Plek: NG Raslouw
Datum: *21 en 22 Februarie 2017* [Lees die volledige inligting hier...]

Reformasie 500

Daar het onlangs 'n baie insiggewende rubriek van prof Dirkie Smit in Die Burger (14 Januarie 2017) verskyn oor die 500-jarige viering van die Hervorming. Lees dit gerus hier.

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op *31 Januarie 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: **Nehemia 4**
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Kollega nuus

Beroepe/bevestigings/emeritaat

Kobus Small [Petronella] emeriteer op 26 Februarie 2017.

Hartseer

Paul du Plessis [Riviera-Jakaranda] se vader is oorlede.

Andries (AGS) Gous (91) vroeër Jeugsekretaris van die Sinode van Noord-Transvaal en predikant van Riviera met opdrag Hospitaalbediening is oorlede.
'n **Gedenkdiens** word gehou op Woensdag, *1 Februarie* om 11:00 by NG Wonderboom-Suid.

- **RSVP** asb indien jy/julle daarna saam met die familie wil eet en kuier. SMS asb jou naam en getalle na 0832762214 om te help met etereëlings.
- Huldeblyke kan ook gestuur word na agsgous@gmail.com.

❖ **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

29/01 **Paul du Plessis** [Riviera-Jakaranda, 083 446 9426, pauldupl@telkomsa.net]
Jakkie Strachan [Lynnwood, 084 547 1660, jakkiestrachan@gmail.com]
01/02 **Frikkie Delport** [Pietersburg-Noord, 079 891 6211, frikkiedel@gmail.com]
Ewald Schmidt [Nylstroom-Oos, 082 579 6648, ewald@ngoos.co.za]
03/02 **Yolandé Bester** [Montana, 082 565 5085, pixie98@absamail.co.za]
Joggie Kotzé [Dwaalboom, 060 383 0639, joggiekotze@koten.co.za]
AJ Prinsloo [Emeritus, 031 903 6890]

19/01 **Yolandi Burger** [Elandsrand, 079 566 9185, burger.s.werner@gmail.com]
30/01 **Hannatjie Janse van Vuuren** [Sesmylspruit, 012-654 6282, christovv@xsinet.co.za]

Gemeente nuus

❖ **Magalieskruin: Drie dae van Gebed - *29-31 Januarie 2017***
Aangebied deur ds **Dirkie van der Spuy.** Kom leer en word geïnspireer oor hierdie belangrike saak!
Sondag 29 Januarie 2017: 08:00 en 09:30
Maandag 30 Januarie 2017: 19:00
Dinsdag 31 Januarie 2017: 19:00
Adres: Joycelaan 150, Magalieskruin
Moet dit nie misloop nie! Bring jou bure, familie en vriende saam!

❖ **Môregloed** hou 'n **Mandjiedans (Barn dance)** op Saterdag, *4 Februarie 2017* om 18h30 in die kerksaal.
Koste is R50 vir volwassenes en R20 vir kinders.
Daar sal mense wees wat wys hoe om die danse te doen. Bring u mandjie met eet- en drinkgoed en kom geniet die aand saam met ons.
Kontakpersone: Elma Carelsen 082 786 5109 of Ilse van Hemert 082 434 6499.

❖ **Ring van Daspoort: Homoseksualiteit in die Bybel** onder leiding van drr **Fanie Cronjé** en **Kobus Myburgh**
Waar: Mootvallei [h/v Louis Trichardtstraat en Morganlaan, Parktown, Pretoria]

- Donderdag *9 Februarie* [19:00] - Beginsels van Bybeluitleg
- Donderdag *16 Februarie* [19:00] - Tekste in die Ou Testament
- Donderdag *23 Februarie* [19:00] - Tekste in die Nuwe Testament

❖ **Tuinrand** hou 'n **Mini-basaar** op Vrydag, *24 Februarie 2017* vanaf 16:00 tot laat Kom geniet hamburgers, pannekoer, koeldrank, koffie & tee, jaffels en veel meer.
Adres: h/v Louise en Diamandstraat, Claremont.
Navrae: Hanli Neuhuber by tel 012-379 2268

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

❖ **Reformasie 500**

Gustav Claassen [Algemene Sekretaris] skryf soos volg: In 2017 vier ons die vyfhonderdjarige herdenking van die Reformasie. Met die oog hierop ontwikkel die Taakspan Refo 500 materiaal om gemeentes te ondersteun met dié vieringe.
Besoek gerus die Reformasie 500 webtuiste waar nuwe materiaal deurlopend beskikbaar gemaak word.

- Week van gebed

- Reformasie-oomblik vir die liturgie
- Reformasie grafika
- Bydraes uit die Tydskrif vir Hervormde Teologie

Jy kan ook hier inteken om die Refo 500 nuusbrief te ontvang en só op hoogte bly.

❖ Konsepwetgewing oor haatmisdade

Die Algemene Sinode gee inligting vir gemeentes wat oorweeg om kommentaar te lewer op die **konsepwetgewing** getiteld "Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill" - met 'n teikendatum van *31 Januarie 2017*.
Lees hier meer...

❖ Onderwys

Die Biddag vir onderwys val vanjaar op *12 Februarie*. Skole het die ondersteuning van gemeentes broodnodig. Die NG Kerk het 'n kosbare geskiedenis van betrokkenheid by die onderwys. Gemeentes word gevra om tydens eredienste op 12 Februarie aandag te gee aan die belangrike saak. Lees hier meer...

Ander nuus

❖ Sentrum vir Spiritualiteit: Jaarkursus in 'n lewe van teenwoordigheid - OOP VIR DIE OOMBLIK

Onder leiding van dr Willem Nicol en ds Immanuel van Tonder
Datums op **Donderdae vir 2017**: *26 Januarie, 2 Februarie, 9 Februarie, 9 Maart, 20 April, 18 Mei, 22 Junie, 27 Julie, 31 Augustus, 28 September, 26 Oktober, 23 November*.
Plek: Lynnwood Gemeente Kapel
Tyd: 19:00
Inskrywings: Stuur 'n epos aan *bets@nglynnwood.co.za* met jou naam en kontak besonderhede.
Navrae: Immanuel van Tonder [0835406015, *immanuel@vantonder.org.za*] of Willem Nicol [0839667831, *wnicol@mweb.co.za*].

❖ Jeuggroep fasiliterings werkswinkel – 18 Februarie 2017: 'n Werkswinkel vir almal wat met jongmensgroepe werk

Is jy 'n Onderwyser, Leraar, Jeugwerker, Kategeet, Jeugmentor?
Sit jy met jou hande in jou hare oor jou jeugbediening?
Het jy weer nuwe vuur in jou jeugbediening nodig?
Sukkel jy om met jongmense te praat?
Wonder jy hoe om fasilitering in jeugbediening te gebruik?

Dan het ons die werkswinkel net vir jou! Aangebied deur Bronze Baobab Coaching Group
Tydens die werkswinkel gaan ons op 'n baie praktiese wyse aandag aan die volgende sake gee:
* Wat is fasilitering?
* Hoe fasiliteer jy 'n groep bestaande uit jongmense of kinders?
* Hoe word die beginsels van ervaringsleer in fasiliteringsprosesse gebruik?
* Hoe word reflekteringstegnieke in fasiliteringsprosesse gebruik?

Dit is 'n baie praktiese werkswinkel waar jy netwerke gaan bou, gereedskap gaan kry om mee te werk, energie gaan kry en met nuwe aksieplanne huistoe gaan.
Ons gaan nie vir jou nuwe lesmateriaal gee nie - ons gaan jou leer hoe om enige lesmateriaal kreatief te gebruik.
Datum: *18 Februarie 2017* (09:00-15:00)
Plek: NG Kameeldrif
Koste: R480.00
Inskrywing: Kliek HIER om in te skryf
Navrae: *info@bronzebaobab.com* of besoek *http://bronzebaobab.com*

❖ Groepsontlonting en Traumatiese Insident Reduksie (TIR)

Die opleiding is gemik op leraars, maatskaplike werkers, beraders, onderwysers en ander wat wil help.
Die werkswinkels word in Pretoria aangebied deur **Jan Viljoen** (Internasionale geakkrediteerde TIR Opleier en Fasiliteerder). Handleiding en daaglikse verversings ingesluit.
Volgende datum en koste:
20 Februarie (Groepsontlonting) - R950.00 *(8 VBO en 4 CPD)*
21-24 Februarie (TIR) - R4900.00 (Korting vir vroeë registrasie) *(30 VBO en 20 CPD)*

Dag een: Leer om ‘n gesin of ‘n groep te ontlont na ‘n traumainsident
Dag twee tot vyf: Leer ‘n effektiewe tegniek aan om indiwiduele trauma vinnig en permanent te verlig. Na afloop van die werkswinkel sal jy die seerste emosies kan help verlig en mense help om die negatiewe effek van trauma op hul lewe drasties te verminder.
TIR berus op kommunikasietegnieke wat binne fasiliteringsverband gebruik word om, met ‘n stel voorgeskrewe vrae en opdragte, ‘n getraumatiseerde herhaaldelik deur die traumagebeure te lei tot op ‘n punt waar die kliënt ‘n kognitiewe skuif kan maak en verligting intree.
TIR is hoogseffektief vir onlangse trauma, maar ook Posttraumatiese Stresversteuring (PTSV)
Vir meer inligting en registrasie: Besoek http://janviljoen.weebly.com/schedules-workshops.html

- **ALFA Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsentrum** *[Gestig 1987]* bied aan: **‘n Jaarkursus in Pastorale Opleiding, berading en gemeenskapsdiens**: *1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018*
  Navrae: Dr Jan Botha, tel 012 5463545, sel 0764815683 en e-pos *jan@pastoralepraktyk.co.za*; Dr Retha Kruidenier, tel 012 3291352, sel 0824138462 en e-pos *retha@geo-logic.com*.
  Vir registrasie en volledige inligting, besoek**:** *alfapastoralepraktyk.com.*
  LW: Registrasie tot en met *29 Februarie 2017.*

- **Wêreldbiddag vir Vroue:** *3 Maart 2017*
  Tema: "My genade is vir almal" - Kry inligting hier en bestel vroegtydig die brosjure.

- **Excelsus nuus**
  - **Sertifikaatkursus in *Bedieningsvernuwing***
    Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch ‘n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods. (Sien aangehegte bekendstellingspamflet)
    Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:
    - *28-30 Maart 2017*
    - *23-25 Mei 2017*
    - *15-17 Augustus 2017*

    Koste: R830.00 per module [R7 470.00 vir die volle 3 jaar]
    Vir meer besonderhede kontak *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of 012-420 6738.

  - **Sertifikaatkursus in *Bedieningsontwikkeling***
    Excelsus het verlede jaar begin met ‘n Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling vir predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening.
    Dit is ‘n intensiewe kursus wat bedoel om predikante in dié fase te help om op ‘n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening.
    Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by. Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).
    - **Vir meer besonderhede** kontak **Rika van Rensburg** by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738.
    - Besoek ook www.excelsus.org.za / Facebook-blad]

- **Badseloop Skoliekamp:** *10-16 April 2017* - Spesiaal vir gr 11-12!
  Koste: R1200.00
  Inskrywingsvorms en ander besonderhede is beskikbaar by jou gemeenteleraar...
  Navrae: *skoliekamp@gmail.com* of skakel die kantoor by NG Kerk-in-Suid by 012-653 2280
  - Besoek die webwerf @ skoliekamp.co.za vir al die besonderhede!

- **Survivorkamp:** *17-21 Julie 2017* - Spesiaal vir alle graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (aangebied deur die Noordelike Sinode : Ring van Pietpotgietersrus)
  NEEM ASB KENNIS VAN DIE DATUM VERSKUIWING: Ons kamp vind plaas in die LAASTE week van die Julie vakansie...
  Dis ‘n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer. Meer inligting rondom die kamp sal later bekend gemaak word.
  Kampleier: *Ds Wimpie Jordt [083 230 2244, kudu@lantic.net]*
  Admin: *Me Anita Hurn [015 491 3537, faks 086 547 2382 / 015 491 3537, admin@ngpottiessuid.org.za]*

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek *http://bybel-Media.co.za*]

- **CLF-nuus**

  2017 Nuwejaarsvoorneme: Sendingwerk
  Christelike Lektuurfonds (CLF) wil gelowiges herinner aan ons gratis pamflette wat daagliks benut kan word om hierdie opdrag 'n groot avontuur saam met ons hemelse Vader te maak. Besoek ons webtuiste by www.clf.co.za of kontak ons by info@clf.co.za of 021 873 6964 om 'n lys van bykans 100 pamfletonderwerpe te ontvang waaruit jy jouself kan toerus vir hierdie opdrag.

  REFO 500: Vanjaar het gemeentes die voorreg om 500 jaar van Reformasie te herdenk en Christelike Lektuurfonds sal deur die loop van die jaar as hulpmiddel, 'n reeks van 12 pamflette met verskillende temas beskikbaar stel. Lees hier meer...

  Gemeentes met Mediasentrums/Boekwinkels: Soek u betroubare, Bybelgefundeerde materiaal vir u gemeente? Is u 'n gemeente met 'n uitreik-hart wat gereeld met gemeenskapsuitreike, sopkombuise, gevangenisbediening, ens besig is? **Christelike Lektuurfonds** vier vanjaar 'n 60 jaar genadepad en as NGK-mediavennoot bied ons graag die volgende... Lees hier meer

- **Teo.co.za-nuusbrief** [Besoek *http://teo.co.za/*]

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers om enige sake vir voorbidding aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- **Reën vir damme waar die watervlak baie laag is.**
- **Universiteite en ander tersiêre inrigings wat in hierdie dae weer begin.**
- **Sterkte aan al die matrikulante wat werk soek.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ Rustenburg-Proteapark: Vakature – Bemarkingsbeampte

Pos behels die bemarking van die gemeente, hulle visie, strukture, bedieninge en aksies ten einde die "gemeente-storie" te vertel – binne en buite die gemeente.
Navrae: *ngppark@mweb.co.za*
Aansoeke sluit: *31 Januarie 2017*

❖ Residentia Stigting: Vakature - Hoof Uitvoerende Beampte (Admin Buro)

Die hoofkantoor van die organisasie is in Pretoria maar die 14 skema's is versprei oor die land. Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om hom/haarself in die nabye omgewing van Pretoria te vestig maar sal die persoon ook bereid moet wees om te reis ten einde die verskillende skemas van tyd tot tyd te besoek.
Residentia bied 'n onderhandelbare vergoedingspakket wat maatskappyvoordele insluit.
Sluitingsdatum is *14 Februarie 2017*. (Indien u nie binne 30 dae na sluiting 'n antwoord ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Residentia behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos, soos geadverteer, te maak nie.
Aansoeke: Stuur u CV vir aandag Fanus Heystek na die volgende e-pos adres: fanusheystek@gmail.com

❖ Booysen: Vakature - Gemeenteleraar *(Kontrakpos vir een jaar met opsie om dit te verleng)*

Die geskikte kandidaat moet nie ouer as 50-jaar wees nie met 'n dinamiese bedieningstyl. Vergoeding is soos deur die kerkraad bepaal en ononderhandelbaar.
Aansoeke: Stuur asseblief 'n kort CV met besonderhede na ngkerkbooysen@gmail.com voor *15 Februarie 2017* om 12:00
Diensaanvaarding is *1 Maart 2017*.
Navrae: Oudl Jerry van Schalkwyk 082 946 4691

❖ Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom: Vakature - Bemarkerspos

Die pos behels die werwing van debietorders en reël en organiseer van funksie
Datum van diensaanvaarding : *1 Maart 2017*
Navrae: *Gerda van der Merwe*, hoof@akknyl.co.za of skakel 014-7175264

❖ DRCZ (Dutch Reformed Church in Zambia): Aflosbediening in Zambia

Datums: Vanaf *14 Maart* tot *17 April* tydens die huidige leraar, Frikkie van Niekerk se jaarlikse verlof. Die gemeente nooi belangstellendes wat lus is vir 'n avontuur in Afrika om te reageer.
Reëlings:

- U sal tuisgaan in die pastorie in Lusaka.
- Die gemeente se voertuig sal tot u beskikking wees.
- U sal verantwoordelik wees vir ses eredienste waarvan vier in Lusaka sal wees, een in Chisamba en een in Livingstone. Hierdie dienste is gewoonlik in Afrikaans, maar op Chisamba kan dit ook 'n Engelse diens wees. Begrafnisse word gewoonlik in Engels gedoen. Daar sal reelings getref wees vir u verblyf by van ons gemeente-lede.
- Een retoer vliegtuigkaartjie sal deur die gemeente betaal word.

Navrae: Frikkie van Niekerk [+260977791212]

❖ 2016 UP Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat op 17 November 2016 gelegitimeer is en nog nie beroep is nie:

- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Ian Stanton* [072 281 1634; ISianstanton@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help - Kliek hier

❖ Ten slotte

Waar het ons al hierdie argumente gehoor??... [Kliek hier]

BYLAES

KONFERENSIE OOR DIE HUWELIK

21-22 FEBRUARIE 2017

Wat is 'n Bybelse verstaan van die huwelik. (Net) een man en een vrou? Wat van die Ou Testament se vele vroue en een man – of is dit slegs die Nuwe Testamentiese (Romeinse) manier van net een vrou per man wat Bybels is. Mag geskeidenis weer trou of geld die eerste huwelik vir ewig. Is enkel of saamgestelde gesinne 'n gesin en wat daarvan as daar geen kinders is nie? Is seksualiteit of intimiteit net deel van die huwelik en is 'n huwelik sonder seks 'n huwelik? Is die bevestiging van 'n huwelik 'n kulturele, kerklike of staatsregtelike aktiwiteit?

Die jongste besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk oor Selfdegeslag verhoudinge beklemtoon juis die noodsaaklikheid dat daar opnuut deeglik besin moet word oor die wese van die huwelik.

Om die vrae aan te spreek bied die NG Kerk Raslouw 'n tweedag konferensie aan waarna ons jou nooi om te kom deelneem, saamgesels en riglyne definieer. Die formaat sal wees dat onderwerpe ingelei word deur sprekers gevolg deur gefasiliteerde paneelbesprekings en vraesessies.

Sprekers wat sal optree sluit onder andere in drr. Fanie Cronje, James Kirkpatrick, Johan van den Heever, Dewyk Ungerer enProff Johan van der Merwe en Daniel Louw.

Onderwerpe wat onder andere hanteer gaan word is:

- Oorsprong en definisie van die huwelik in die Ou Testament
- Oorsprong en definisie van die huwelik in die Nuwe Testament
- Wat se die Bybel oor die huwelik en egskeiding/tweede huwelike
- Huwelik - die rol van die staat, huidige wetgewing en burgerlike verbintenisse
- Die gesin in die Bybel – model vir vandag?
- Seksualiteit en intimiteit se rol in die huwelik – wat sê die Bybel

Plek: NG Kerk Raslouw [www.ngkerkraslouw.co.za]
Tyd: Dinsdag 21 en Woensdag 22 Februarie 2017 (09:00 tot 17:00 dag een en 09:00 tot 16:00 dag twee).
Bespreking: Kerkkantoor NG Raslouw: Me Louisa Blignaut - Tel 012 x 654 0572 of by epos raslouw3@mweb.co.za teen Woensdag 15 Februarie 2017. (Slegs plek vir 300)
Kostes: R500 wat 6 teetye en 2 middagetes insluit. (Elektronies inbetaal – ABSA Mall@Reds. Takkode:336 345. NG Raslouw. Rek nr: 326014111. Verwysing: Kursus en jou van).
Akkommodasie: Nick Hanekom. Tel 083 709 3917 of by epos mahanya@mweb.co.za
Navrae: Dr Dewyk Ungerer – tel 082 572 6463 en epos dewyku@iafica.com of ds Marius Cornelissen – tel 0825611820 of epos mariusco@lantic.net
VBO Krediete: Kursusgangers ontvang 11 VBO krediete

Terug

Reformasie 500

Gedenk en vier is g'n speletjie nie - Dirkie Smit

In 2017 herdenk kerke wêreldwyd die Hervorming, 500 jaar ná Luther se stellinge. Maar hoe? Hoe gedenk en vier 'n mens dié soort oomblik?

Oor jare word dié beweging as Protestantisme bekend, omdat dit gebore is uit protes teen wat destyds as misstande ervaar is. Dit word beskryf as Reformasie en Hervorming omdat die strewe was na vernuwing, herstel, terugkeer na die evangelie soos die apostels dit verkondig het en na die bedoelinge van die Skrifte wat dié evangelie verkondig.

Mettertyd sou 'n Latynse motto gewild word vir dié self-verstaan, naamlik ecclesia reformata semper reformanda secundum Verbum Dei, letterlik: 'n hervormde Kerk bly steeds aan 't hervorm ooreenkomstig Gods Woord.

Dié laaste woorde was die sleutel, "volgens Gods Woord", ooreenkomstig die bedoelinge, skopus, gerigtheid van die

evangelie self. Nie alle protes is immers legitiem, nie alle besware gegrond, nie alle vernuwing sinvol nie? Dit gaan tog nié om die blote aanpassing van kleredrag en musiek, sedes en gebruike nie, maar om die bedoelinge van die evangelie self – om goeie nuus, om die nuwe gebod van liefde, om genade en ontferming en geregtigheid en lewe?

Daarby moes dié bedoelinge steeds al meer ontdék word, beter verstaan, helderder onderskei. Dis nie asof die Kerk ooit wéét nie, dié Kerk moes steeds bly leer, núút luister, núút hoor, béter verstaan, fýner gewaar word, sensitiewer aanvoel, liefdevoller optree, regverdiger, steeds méér genadig, méér verwelkomend, méér gasvry, méér insluitend, méér diensbaar, méér versoenend, immers " 'n hervormde Kerk bly steeds aan 't hervorm". Nooit tevrede, selftevrede, selfvoldaan, gearriveer nie, nee, altyd soekend, ondersoekend en steeds ontdekkend, al méér gehoorsaam aan die roeping, al méér getrou aan die eerste liefde.

Maar natuurlik werk dit nie altyd so nie. En oomblikke van gedenk en onthou, is oomblikke om opnuut dáárvan bewus te word. Presies 50 jaar gelede word die gryse 80-jarige Protestantse teoloog Karl Barth na Rome genooi, pas ná die Katolieke Kerk se Tweede Vatikaanse Konsilie, 'n tyd van ingrypende besinning en vernuwing. Daarna vra die ekumeniese Protestantse leierskap na sy indrukke. Byna bewoë skryf Barth dat dit kan gebeur dat ander ons verbygaan deur te dóén waarop ons eintlik roem dat dit is wie óns is en wat óns doen. Dat diegene teen wie óns geprotesteer het, nou méér getrou uitleef wat ons beweer óns voor staan as onsself. Dis die moeilikheid van viering.

Ons raak dalk so meegevoer met ons ontstaan, identiteit, voortbestaan en selfbehoud dat ons vergeet van ons roeping, van waarvoor ons eintlik dáár ís. En dit geld veel méér as die Kerk. – DJS

Terug

Algemene Sinode skrywe:
Konsepwetgewing oor Haatmisdade asook die Onderwys

Beste kollega,

Ek glo dat jy die afgelope feestyd verantwoordelik was en genoeg rus gekry het vir 2017. Mag dit vir ons almal 'n wonderlike geseënde en voorspoedige jaar wees.

Hierdie skrywe gee inligting oor twee sake naamlik die NG kerk se kommentaar op konsepwetgewing asook die onderwys.

Konsepwetgewing getiteld *Combating of Hate Crimes & Hate Speech Bill*.

Soos beloof, in my laaste skrywe, gee ek inligting deur vir moontlike kommentaar op die voorgenome wetgewing. Die teikendatum vir reaksie is 31 Januarie 2017. Indien jou gemeente wil reageer heg ek dokumente aan wat as agtergrond kan dien. Dr Marelize Marais van UOVS het 'n uitstekende dokument voorberei wat aangestuur sal word as die NG Kerk se amptelike kommentaar op dié konsepwetgewing. Aangeheg is ook 'n dokument wat deur die TKR, bestaande uit die NGK, NHKA en GEKA, aangestuur sal word. **Klik hier om dokument af te laai.**Die adres waarna kommentaar gestuur kan word is: *The Deputy Minister of Justice John Jeffery*, by die volgende eposadres: NiMaweni@justice.gov.za stuur dit ook aan hatecrimes@justice.gov.za Dit wil voorkom asof die volgende punte belangrik is en kan in kommentaar aangespreek word:

• Die tydlyn is onregverdig en onbillik
• Vae formulering van sleutelkonsepte
• Die konsepwetgewing is oorbodig en word reeds grondwetlik en in ander wetgewing aangespreek
• Vryheid van spraak kom ingedrang en sal oortreders kriminaliseer
• Vryheid van godsdiens kom ingedrang en sal kerke se profetiese rol inperk.

Onderwys

Die Biddag vir onderwys val vanjaar op 12 Februarie. Skole het die ondersteuning van gemeentes broodnodig. Die NG Kerk het 'n kosbare geskiedenis van betrokkenheid by die onderwys. Gemeentes word gevra om tydens eredienste op 12 Februarie aandag te gee aan die belangrike saak. Sake waarvoor voorbidding gedoen kan word is:

• Die minister van Onderwys en plaaslike onderwys-strukture

• Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde, onderwysers, dosente, ouers en leerders
• Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers en leerders
• Die rol wat organisasies soos die SAOU en FEDSAS speel om gehalte onderwys te verseker
• Kalmte en veilige omstandighede op Universiteite en Technikons vir student om te studeer
• Die saak waarin ses skole oor hul godsdiensbeleid deur die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod) voor die hof gedaag word, wat van 15 tot 17 Mei in die hooggeregshof in Johannesburg aangehoor word. Die Federasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) verteenwoordig die ses skole in die saak. Die NG Kerk is as vriend van die hof by die saak betrokke.

Klik hier om 'n gebed vir opvoeders as te laai. **Klik hier vir die engelse gebed.**

In 'n volgende skrywe meer oor die NG Kerk se kommentaar op die CLR se verslag oor die kommersialisering van godsdiens. Die teikendatum vir kommentaar is die einde Februarie.

Groete en seën

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk

Terug

CLF-nuus

2017 Nuwejaarsvoorneme – Sendingwerk...

Aan die begin van 'n nuwe jaar is daar menige positiewe en nuwe voornemens wat deur jou gedagtes gaan. Ek gaan definitief gewig verloor, ek gaan 'n beter werk soek, ek gaan …

So baie besluite en voornemens wat ons self maak, hou net 'n paar dae en dan verval ons weer in 'n negatiewe leefwyse. Die rede is dat ons dalk self te hard probeer en nie luister wat God in ons lewe wil hê nie.

Een van die groot opdragte waarin ons so maklik faal, is die opdrag van Markus 16:15: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom."

Dis nie altyd maklik om te getuig nie. Ons persoonlikheid, omstandighede en vele ander dinge staan baie maal in ons evangelisasie-pad.

Christelike Lektuurfonds (CLF) wil gelowiges herinner aan ons gratis pamflette wat daagliks benut kan word om hierdie opdrag 'n groot avontuur saam met ons hemelse Vader te maak. Besoek ons webtuiste by www.clf.co.za of kontak ons by info@clf.co.za of 021 873 6964 om 'n lys van bykans 100 pamfletonderwerpe te ontvang waaruit jy jouself kan toerus vir hierdie opdrag.

Net weer 'n paar idees:
1. 4 Februarie is Wêreld Kankerdag. Jy ken dalk iemand wat 'n kankervegter is of jou hart lê by bediening van siekes of jy ondersteun graag instansies soos Hospice. Voorbeelde van pamflette wat hier benut kan word, is: "God se troos wanneer ek siek is", "Troos in tye van swaarkry", "Kry weer hoop". Of as jy dalk fondse beskikbaar het, kan jy iemand seën en bemoedig met die boekie *God hou jou in sy hand vas* @ R25.
2. Hou altyd 'n paar pamflette met verskillende onderwerpe en tale by jou en deel dit uit soos die Here jou lei: gee vir die persoon wat jou motor oppas 'n pamflet; los 'n paar tussen die tydskrifte by die haarsalon of dokter se spreekkamer; plaas in die kleedkamer by die lughawe. Jy sal verbaas wees hoeveel geleenthede daar is, sonder dat jy op die straathoek "traktaatjies" hoef uit te deel!
3. Indien jy deel is van 'n gemeente wat sendingwerk ondersteun, is hierdie gratis lektuur ideale hulpmiddels om die sendelinge (plaaslik of elders) mee te seën vir gebruik in hul bediening. Onthou daar is 'n groot verskeidenheid tale beskikbaar. Daar is ook uiters bekostigbare preekbundels en dagstukkies in Sotho, Zulu, Xhosa en Tswana beskikbaar wat van onskatbare waarde kan wees vir minderbevoorregte gemeentes.

Terug

CLF NUUS

REFO 500: Vanjaar het gemeentes die voorreg om 500 jaar van Reformasie te herdenk en Christelike Lektuurfonds sal deur die loop van die jaar as hulpmiddel, 'n reeks van 12 pamflette met verskillende temas beskikbaar stel. Elke

maand sal die daaropvolgende maand se pamflet geadverteer word en gemeentes kan pamflette vroegtydig bestel om aan gemeentelede beskikbaar te stel. Pamflette is gratis en sal beskikbaar wees in Afrikaans en Engels, so hou hiermee ook Engelssprekende buurgemeentes en ander denominasies in jul area in gedagte en seën hulle met 'n bestelling van hierdie pamflette.

Pamfletonderwerpe:
Januarie: Vrygemaak deur 'n God wat hoop gee
Februarie: Vrygemaak om met vreugde vir ander te lewe
Maart: Vrygemaak vir hierdie lewe
April: Vrygemaak om te kan bely
Mei: Vrygemaak om in geloof anders te kan kyk
Junie: Vrygemaak… daarom is ons goed genoeg
Julie: Vrygemaak… daarom gee ons om
Augustus: Vrygemaak… daarom is ons almal priesters
September: Vrygemaak om anders te werk
Oktober: Vrygemaak om dapper in die openbaar te leef
November: Vrygemaak om te sorg vir God se skepping
Desember: Vrygemaak om 'n nuwe lied te sing

Vir verdere navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za *of skakel 021 873 0198*

Terug

AANDAG GEMEENTES MET MEDIASENTRUMS/BOEKWINKELS

Soek u betroubare, Bybelgefundeerde materiaal vir u gemeente? Is u 'n gemeente met 'n uitreik-hart wat gereeld met gemeenskapsuitreike, sopkombuise, gevangenisbediening, ens besig is? ***Christelike Lektuurfonds*** *vier vanjaar 'n 60 jaar genadepad en as NGK-mediavennoot bied ons graag die volgende:*

Bekostigbare boeke wat fokus op bediening, evangelisasie en geloofsgroei. Ons katalogus sluit in preekbundels, dagstukkies in Afrikatale, geloofsvormingsreeks vir jeug en beginnerlesers (*Vertel, Vertel)*, drie pragtige Kinderbybels beskikbaar in sewe van ons inheemse tale, sendingverhale en vele meer.
Gratis, helderkleurige pamflette in ons inheemse tale wat van geestelike tot maatskaplike onderwerpe aanspreek, is beskikbaar vir evangelisasie, praktiese uitlewing van dissipelskap en selfs as hulpmiddels vir leraars om hul preektemas te help toelig.

Normaalweg kry mediasentrums/boekwinkels 25% afslag op verkoopbare produkte, maar diegene wat in 2017 vir die eerste keer registreer en bestel, kry 'n ekstra 5% afslag op hul eerste bestelling. As u belangstel om as mediasentrum/boekwinkel by Christelike Lektuurfonds te registreer en van hierdie spesiale aanbieding vir 2017 gebruik wil maak, stuur 'n e-pos aan Christelle Fourie by **order@clf.co.za** en versoek 'n registrasievorm.

Terug

VBO nuut en geïntegreerd

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing ontwikkel deur die VBO-taakspan in samewerking met Communitas, Excelsus en *Shepherd*

André Bartlett*, Hoof van Excelsus skryf soos volg*: "... Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods.
Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening.
Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. (Sien aangehegte bekendstellingspamflet). Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by.
Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R 830-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (dws R 2 490-00) of vir die hele kursus vooruit (dws R 7 470-00) betaal word.
Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).
Die eerste jaargroep het reeds in 2014 met die eerste drie modules begin en het vanjaar die laaste modules afgehandel. Die tweede jaargroep het in 2015 begin met die eerste drie modules en het vanjaar modules 4, 5 en 6 afgehandel.
Ons is besig om 'n derde groep predikante saam te stel wat in 2017 met die eerste 3 modules sal begin.
Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:

- 28-30 Maart 2017
- 23-25 Mei 2017
- 15-17 Augustus 2017

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00) of die aangehegte inskrywingsvorm voltooi en aan stuur na excelsus@up.ac.za."

Nege modules versprei oor 3 jaar:	
Jaar 1	
Module 1	Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
Module 2	Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
Module 3	Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie
Jaar 2	
Module 4	Oor Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?
Module 5	Oor Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk
Module 6	Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens
Jaar 3	
Module 7	Oor Missionêre Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping
Module 8	Oor die Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel
Module 9	Oor Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk

Verwerf **180** VBO-punte (60 punte per jaar)

Die eerste drie modules word op die volgende datums in Pretoria aangebied:

- Module 1 28-30 Maart 2017
- Module 2 23-25 Mei 2017
- Module 3 15-17 Augustus 2017

Koste: R830,00 per module (R7 470,00 vir die volle 3 jaar)

Vir meer besonderhede kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738

Terug

Inskrywingsvorm

Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (GSB)

Module 1	**Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan.**	**28-30 Maart 2017**
Module 2	**Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?**	**23-25 Mei 2017**
Module 3	**Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie.**	**15-17 Augustus 2017**

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Titel, Voorletters en Van:			
Identiteitsnommer:		**Noemnaam:**	
Telefoon (Huis):		**Selfoon:**	
E-pos:			
Huidige gemeente:		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Sluitingsdatum: 14 Maart 2017
Kursusfooi: R830.00 per persoon per module of R2 490,00 per jaar of R 7 470-00 vooruit vir die hele kursus.

Bankbesonderhede		Posadres
Begunstigde (Maak tjeks uit aan):	**TSO**	**Excelsus**
Bank:	**ABSA**	**Posbus 12100 HATFIELD 0028**
Tak:	**PRETORIA**	
Takkode:	**632005**	
Rekeningnommer:	**142 0830 463**	
Verwysing by direkte inbetalings (Bank of Internet):	**Gebruik asseblief die kursusnommer en u naam as verwysing, Bv: GSB3 Naamenvan**	
E-pos aan:	**excelsus@up.ac.za**	

U inskrywing word geldig wanneer die inskrywingsvorm TESAME met die betalingsbewys ontvang word

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:

Verwysingsnommer: .....

Betaling ontvang: .....

E-pos gestuur: .....

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

Ten slotte

Terug


12 Reasons Why I As a Pastor Have Decided
To Quit Attending Sporting Events
1. The coach never came to visit me.
2. Every time I went, they asked for money.
3. The people sitting in my row didn't seem very friendly.
4. The seats were very hard.
5. The referees made a decision I didn't agree with.
6. I was sitting with hypocrites—they only came to see what others were wearing!
7. Some games went into overtime and I was late getting home.
8. The band played some songs I had never heard before.
9. The games are scheduled on my only day to sleep in and run errands.
10. My parents took me to too many games when I was growing up.
11. Since I read a book on sports, I feel that I know more than the coaches, anyway.
12. I don't want to take my children because I want them to choose for themselves what sport they like best.